BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

30c — Vrydag 15 Augustus 1980 — WINDHOEK — Friday 15 August 1980 — No. 4242

## Advertensies

### ADVERTEER IN DIE OFFISIËLE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA

1. Die Buitengewone *Offisiële Koerant* wat advertensies bevat verskyn op elke Vrydag van elke maand; indien 'n Vrydag op 'n Openbare Feesdag val, verskyn die *Offisiële Koerant* op die voorafgaande Donderdag.

2. Advertensies wat in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word, moet in die taal waarin hulle sal verskyn aan die OFFISIËLE KOERANTKANTOOR, P.S. 13186, Windhoek, geadresseer word, of by Kamer 109, Administrasiegebou, Windhoek afgelewer word, nie later nie as 3 nm. op die NEGENDE dag voor die verskyning van die *Offisiële Koerant*, waarin die advertensie geplaas moet word.

3. Advertensies word vir die openbare voordeel in die *Offisiële Koerant* gepubliseer. Vertalings moet deur die Adverteerder of sy agent gelewer word indien verlang.

4. Slegs regsadvertensies word vir publikasie in die *Offisiële Koerant* aangeneem en hulle is onderhewig aan die goedkeuring van die Sekretaris van Suidwes-Afrika, wat die aanneming of verdere publikasie van 'n advertensie mag weier.

5. Die Administrasie van S.W.A. behou hom die reg voor om die kopie te redigeer, te hersien en oortollige besonderhede weg te laat.

6. Advertensies moet sover moontlik getik wees. Die manuskrip van advertensies moet slegs op een kant van die papier geskryf word en alle eiename moet duidelik wees. In geval 'n naam weens onduidelike handskrif foutief gedruk word, kan die advertensie slegs dan herdruk word as die koste van 'n nuwe plasing betaal word.

7. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir enige vertraging in die publisering van 'n kennisgewing of vir die publisering daarvan op 'n ander datum as dié deur die insender bepaal. Insgelyks word geen aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van enige redigering, hersiening, weglatings, tipografiese foute en foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan nie.

8. Die insender word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat voortvloei uit enige aksie wat weens die publisering, hetsy met of sonder enige weglating, foute, onduidelikhede of in watter vorm ook al, van 'n kennisgewing teen die Administrasie van S.W.A. ingestel word.

## Advertisements

### ADVERTISING IN THE OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA

1. The *Official Gazette* Extraordinary containing advertisements is published on every Friday of each month; if those days fall on a Public Holiday, the *Official Gazette* is published on the preceding Thursday.

2. Advertisements for insertion in the *Official Gazette* should be addressed to the OFFICIAL GAZETTE OFFICE, P.B. 13186, Windhoek, or be delivered to Room 109, Administration Building, Windhoek, in the languages in which they are to be published, not later than 3 p.m. on the NINTH day before the date of publication of the *Official Gazette* in which they are to be inserted.

3. Advertisements are published in the *Official Gazette* for the benefit of the public. Translations if desired, must be furnished by the advertiser or his agent.

4. Only law advertisements are accepted for publication in the *Official Gazette*, and are subject to the approval of the Secretary for South West Africa, who may refuse to accept or may decline further publication of any advertisement.

5. The Administration of S.W.A. reserves the right to edit and revise copy and to delete therefrom any superfluous detail.

6. Advertisements should as far as possible be typewritten. Manuscript of advertisements should be written on one side of the paper only, and all proper names plainly inscribed; in the event of any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can only be republished on payment of the cost of another insertion.

7. No liability is assumed for any delay in publishing a notice or for publishing it on any date other than that stipulated by the advertiser. Similarly no liability is assumed in respect of any editing, revision, omission, typographical errors or errors resulting from faint or indistinct copy.

8. The advertiser will be held liable for all compensation and costs arising from any action which may be instituted against the Administration of S.W.A. as a result of the publication of a notice with or without any omission, errors, lack of clarity or in any form whatsoever.

of persone te kies vir goedkeuring deur die onderskeie Meesters as geskik en bekwaam om deur hulle aangestel te word as eksekuteurs, kurators of voogde, na gelang van omstandighede, met aanduiding van die besonderhede in die volgorde: Boedelnommer, familienaam en voorname van oorlede persoon, en beroep; datum van oorlye; plek, datum en tyd van byeenkoms.

172/80 — LOFTY-EATON Jacobus Barend Skolier 11 Maart 1980 10 vm 22/8/80 Windhoek Meester van die Hooggeregshof Windhoek.

320/80 — BOLTE — Karl Leopold Pensionaris 17 Maart 1980 10 vm 22/8/80 Windhoek

Vorm/Form 5

## UITKEER VAN DIVIDENDE EN INSAMELING VAN KONTRIBUSIES IN GESEKWESTREERDE BOEDELS OF MAATSKAPPYE IN LIKWIDASIE

Nademaal die likwidasierekenings en distribusie- of kontribusierekenings in die gesekwestreerde boedels of maatskappye in likwidasie, na gelang van die geval, hieronder vermeld op die datums daarin vermeld, bekragtig is, word hierby ingevolge artikel 113 (1) van die Insolvensiewet, 1936, artikel 139 (2) van die Maatskappywet, 1926, en artikel 409 (2) van die Maatskappywet, 1973 kennis gegee dat uitbetaling van dividende of insameling van kontribusies aan die gang is in genoemde boedels of maatskappye soos hieronder uiteengesit en dat elke kontribusiepligtige skuldeiser die bedrag deur hom verskuldig by die adres hieronder genoem aan die kurator of likwidateur moet betaal.

Die besonderhede word verstrek in die volgorde: Nommer van boedel/maatskappy; naam en beskrywing van boedel/maatskappy; datum waarop rekening bekragtig is; of 'n dividend uitgekeer of 'n kontribusie ingevorder word, of beide, en naam en adres van kurator of likwidateur.

W6/79 — INSOLVENT ESTATE J. J. VERMEULEN 5/8/80 Dividend being paid I. R. McLaren, Trustee P.O. Box 82, Windhoek.

W14/78 — SALES PROMOTORS (PTY) LTD (IN LIQUIDATION) 5/8/80 Dividend Being paid D. O'N Mathews, Liquidator P.O. Box 82, Windhoek.

W24/78 — TRAILER AND BODYCRAFT (PTY) LTD (IN

KENNISGEWING VAN VERKOOP IN EKSEKUSIE VAN ONROERENDE EIENDOM IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (SUIDWES-AFRIKA AFDELING)

In die saak tussen

JOHANNES HENDRIK WIESE

Vonnisskuldeiser

en

MARIA MARGARETHA KLEINBUSSINK (gebore VERSTRAETE) Vonnisskuldenaar

IN EKSEKUSIE van 'n Vonnis van die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Suidwes-Afrika Afdeling) gegee op die 11de dag van Julie 1980 in bogemelde saak, en kragtens Lasbrief tot Beslaglegging uitgereik op 15de Julie 1980, sal 'n geregtelike verkoping by wyse van openbare veiling gehou word te Gedeelte A van Erf 449, Swakopmund, geleë te Feldstraat 10, Swakopmund, op Saterdag die 6de dag van September 1980, om 10h00 vm van die ondergemelde eiendom van die Vonnisskuldenaar op terme soos voorgelees sal word deur die Afslaer, die Adjunk-Balju, Swakopmund, ten tyde van die verkoping en welke terme geïnspekteer mag word voor die verkoping by die kantoor van die Adjunk-Balju, Mev. B. H. Venter, 4 Makrielstraat, Swakopmund, te wete —

SEKERE Gedeelte A van Erf 449, Swakopmund
GELEË in die dorp Swakopmund, Registrasie Afdeling "G"
GROOT 1500,75 (Een Vyf Nul Nul komma Sewe Vyf) vierkantmeter.

respective Masters, as fit and proper to be appointed by them as executors, curators or tutors, as the case may be, indicating the particulars as follows: Estate number, surname and christian names of deceased, and occupation; date of death; place, date and time of meeting.

321/80 — SCHOLVIN — Joachim Friedrich August Riep Bestuurder 22 Julie 1980 10 vm 22/8/80 Windhoek. Meester van die Hooggeregshof Windhoek.

## PAYMENT OF DIVIDENDS AND COLLECTION OF CONTRIBUTIONS IN SEQUESTRATED ESTATES OR COMPANIES BEING WOUND UP

The liquidation accouns and plans of distribution or contribution in the sequestrated estates or companies being wound up, as the case may be, mentioned below having been confirmed on the date therein mentioned, notice is hereby given, pursuant to section 113 (1) of the Insolvency Act, 1936, section 139 (2) of the Companies Act, 1926, and section 409(2) of the Companies Act, 1973, that dividends are in the course of payment or contributions are in the course of collection in the said estates or companies as set forth below and that every creditor liable to contribution is required to pay to the trustee or liquidator the amount for which he is liable at the address mentioned below.

The particulars are given in the following order: Number of estate/company; name and description of estate/company; date when account confirmed; whether a dividend is being paid or contribution being collected, or both, and name and address of trustee or liquidator.

LIQUIDATION) 5/8/80 Dividend being paid I. R. McLaren, Liquidator P.O. Box 82, Windhoek.

W25/79 — SUIDWES BETON-PRODUKTE (PTY) LTD (IN LIQUIDATION) 23/7/80 Dividend being paid to secured and preferent Creditors I. R. McLaren & O.F.C. Herrigal, joint Liquidators P.O. Box 82 Windhoek. Trust and Mining Company (Pty) Ltd. Windhoek.

Die volgende inligting word gegee met betrekking tot verbeteringe aan die eiendom, alhoewel geen waarborg verskaf word nie, die koop synde "voetstoots" — 3 slaapkamer huis, tesame met buitegeboue.

Terme van Betaling

1. Die koopprys sal betaal word deur 'n deposito van 10% in kontant by ondertekening van die Terme van Verkoping by die val van die hamer en die uitstaande balans, tesame met rente van 10,25% per jaar, sal betaal of verseker word by wyse van 'n bank of Bougenootskap Waarborg afgelewer te word binne 3 (drie) dae na datum van verkoping.
2. Die Koper sal aanspreeklik wees vir en by ondertekening van die Terme van Verkoping al die Adjunk-Balju se kostes, gelde en kommissie van die verkoop betaal.
3. Die Koper sal voorts aanspreeklik wees vir en sal op aanvraag alle bedrae betaal wat noodsaaklik of insidenteel mag wees vir die registrasie van oordrag van eiendom in sy naam, insluitend oordrags en seëlregte en alle fooie en koste van oordrag en alle agterstallige en huidige munisipale belasting en rekeninge.

(Get.) H. C. KINGHORN
SWANEPOEL & KINGHORN
Prokureurs vir Vonnisskuldeiser
Standardbankgebou
Kaiser Wilhelmstraat
SWAKOPMUND.

## VERLORE LEWENSVERSEKERINGSPOLISSE

(Artikel 64 van die Versekeringswet, Wet no. 27 van 1943, soos gewysig)

Kennis geskied hiermee dat bewys van die verlies of vernietiging van die polisse hieronder vermeld, aan die Versekeraar gelewer is, en enige persoon wat in besit van enige van hierdie polisse is, of aanspraak daarop maak dat hy belang daarby het, moet onmiddellik per aangetekende pos met die Versekeraar in verbinding tree. By gebreke aan sodanige mededeling sal gewaarmerkte afskrifte van die polisse (wat die enigste bewys van die kontrak sal wees) aan die eienaars uitgereik word ingevolge die regulasies gepromulgeer kragtens die Wet.

## LOST LIFE ASSURANCE POLICIES

(Section 64 of the Insurance Act, Act No. 27 of 1943, as amended)

Notice is hereby given that evidence of the loss or destruction of the policies mentioned below has been submitted to the Assurer, and any person in possession of any of these policies, or claiming to have any interest therein, should communicate immediately by registered post with the Assurer. Failing any such communication, certified copies of the policies (which will be the sole evidence of the contract) will be issued to the owners in terms of the regulations framed under the Act.

| Name and Address of Insurer | Policy Number | Date Effected | Amount Insurered | Life Insured | Policy Owner |
|---|---|---|---|---|---|
| The Prudential Assurance Co. of South Africa Limited P.O. Box 365 WINDHOEK | 10104373 | April 1974 | R3600 | Albert Barker | Albert Barker |

## KENNISGEWING VAN VERKOOP IN EKSEKUSIE VAN ONROERENDE EIENDOM IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (SUIDWES-AFRIKA AFDELING)

In die saak tussen

DIE MUNISIPALITEIT VAN SWAKOPMUND

Vonnisskuldeiser

en

CHARLES EDWARD DOBSON

Vonnisskuldenaar

IN EKSEKUSIE van 'n Vonnis van die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Suidwes-Afrika Afdeling) gegee op die 11de dag van Julie 1980 in bogemelde saak, en kragtens Lasbrief tot Beslaglegging uitgereik op die 17de dag van Julie 1980, sal 'n geregtelike verkoping by wyse van openbare veiling gehou word te Erf 2072, Swakopmund Dorp (Uitbreiding Nr. 1), geleë te Makrielstraat 18, Swakopmund, op Saterdag die 6de dag van September 1980 om 11h00, van die ondergemelde eiendom van die Vonnisskuldenaar op terme soos voorgelees sal word deur die Afslaer, die Adjunk-Balju, Swakopmund, ten tyde van die verkoping en welke terme geïnspekteer mag word voor die verkoping by die kantoor van die Adjunk-Balju, Mev. B. H. Venter, 4 Makrielstraat, Swakopmund, te wete —

SEKERE Erf 2072, Swakopmund
GELEË in die dorp Swakopmund, Registrasie Afdeling "G"
GROOT 1000 (Een Nul Nul Nul) vierkantmeter

Die volgende inligting word gegee met betrekking tot verbeteringe aan die eiendom, alhoewel geen waarborg verskaf word nie, die koop synde "voetstoots" — 3 slaapkamer huis, tesame met buitegeboue.

Terme van Betaling

1. Die koopprys sal betaal word deur 'n deposito van 10% in kontant by ondertekening van die Terme van Verkoping by die val van die hamer en die uitstaande balans, tesame met rente van 10,25% per jaar, sal betaal of verseker word by wyse van 'n bank of Bougenootskap Waarborg afgelewer te word binne 3 (drie) dae na datum van verkoping.
2. Die Koper sal aanspreeklik wees vir en by ondertekening van die Terme van Verkoping al die Adjunk-Balju se kostes, gelde en kommissie van die verkoop betaal.
3. Die Koper sal voorts aanspreeklik wees vir en sal op aanvraag alle bedrae betaal wat noodsaaklik of insidenteel mag wees vir die registrasie van oordrag van eiendom in sy naam, insluitend oordrags en seëlregte en alle fooie en koste van oordrag en alle agterstallige en huidige munisipale belasting en rekeninge.

(Get.) H. C. KINGHORN
SWANEPOEL & KINGHORN
Prokureurs vir Vonnisskuldeiser
Standardbankgebou
Kaiser Wilhelmstraat
SWAKOPMUND.

## DEPARTEMENT BURGERSAKE EN MANNEKRAG

### WET OP VREEMDELINGE, 1937

### VANSVERANDERING : WEIDEMANN IN STROMBERG-BERNSTEIN

Dit het die Administrateur-generaal behaag om, kragtens bepalings van Artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge 1937, (Wet van 1937) Manuella WEIDEMANN, woonagtig te Holtsstraat, Pionierspark, Windhoek, te magtig om die van STROMBERG-BERNSTEIN aan te neem.

Gedruk deur en verkrygbaar by
SUIDWES-DRUKKERY BEPERK,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
SUIDWES-DRUKKERY BEPERK
P.O. Box 2196, Windhoek
South West Africa